

## 26 Augustus

### Om vergenoeg te wees

**Skrifgedeelte: Filippense 4:10-20(Oav)**

**Fokusgedeelte: Filippense 4:11(Oav)**

Hoe kry Paulus dit reg om vergenoeg te wees onder alle omstandighede? Met die skryf van hierdie brief was hy onder huisarres. Ons moet beseft dat hierdie vergenoegdheid nie iets is wat vanself kom nie. Ons is intendeel eerder daartoe geneig om onvergenoeg te wees. Daarby ontvang ons nog elke dag die boodskap dat ons nie vergenoeg kan wees as ons nie die nuutste voertuig, stofsuiers ensovoorts, het nie. Al het ons deur die eeue ver gevorder, het ons steeds nie geleer om vergenoeg te wees nie.

Paulus praat hier ten diepste van ons verhouding met ons Hemelse Vader en die gawes wat Hy skenk. Ons geld, besittings, talente en gesondheid is gawes van ons Vader. Ongelukkig verloor ons hierdie perspektief wanneer dit by geld en besittings kom. Ons vergeet dat alle omstandighede deur ons Vader gestuur word. Ons moet leer om elke dag onself en ons gesinne te versorg met dit wat Hy skenk.

Hierdie gesindheid kom nie vanself nie. Paulus verwys daarna waar hy skryf “*ek het geleer*” en “*ek is tot alles in staat deur Hom wat my die krag gee*”. Om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is, kan alleen geskied waar die Heilige Gees my dit leer en waar die krag van Christus my dra. Hierdie gesindheid kom nie oornag nie, maar vra dat ek elke dag naby aan my Vader moet leef.

So leer ek dan elke dag wat my verhouding met my geld en besittings moet wees. So leer ek “*om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is.*”

*Sing: Psalm 146:3 en 5 (1936-beryming)*

*Ds. Gideon Coetzee(Nigel)*